

1. LEES Markus 14: 26 -31

- 26 Nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan Olyfberg toe.
- 27 Toe sê Jesus vir hulle: "Julle sal almal van My afvallig word. Daar staan immers geskrywe: "Ek sal die herder doodmaak, en die skape sal uitmekaar gejaag word."
- 28 "Maar nadat Ek uit die dood opgewek is, sal Ek julle vooruit gaan na Galilea toe."
- 29 Petrus het vir Hom gesê: "Al sal hulle ook almal van U afvallig word, ek sal nie."
- 30 Jesus sê toe vir hom: "Dit verseker Ek jou: Jy sal vandag nog, in hierdie nag, voordat die haan 'n tweede keer kraai, My drie keer verloën."
- 31 Maar Petrus het nadruklik gesê: "Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie!" En al die ander het dieselfde gesê.

2. **DEEL met mekaar:** Wat in hierdie gedeelte staan vir jou uit?

3. **PRAAT SAAM:** Op watter maniere in Markus 14 lees ons Petrus "verkeerdelik" / eintlik "te hard probeer" / oorversekerd as volgeling van Jesus opgetree?

4. **LEES JOHANNES 21: 1-6 EN 11-17**

5. **DEEL MET MEKAAR:** Wat staan vir jou uit in hierdie teksgedeelte?

6. **PRAAT SAAM:** waar in hierdie teksgedeelte sien julle dat Jesus die een is wat inisiatief neem en uitreik na Petrus.

7. **DEEL MET MEKAAR:** gee n stukkie getuienis van hoe jy al beleef het dat die Here, ten spye van wat jy aangevang het, die inisiatief geneem het en van Sy kant af na jou uitgereik het / jou Sy genade aangebied het.

8. **BID SAAM as groep**